Lidnommer

Webadres: www.sambakoop.com
Epos adres: info@sambakoop.com

soveel meer vir my | so much more for me

Samba
Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

BLOEMFONTEIN
The Blocks / Block C
H/v Topsy Smith & TT Cloete Str
Posbus 911
Bloemfontein 9300
T: 051 448 0111
F: 051 430 7564

KIMBERLEY
Winkel 68
North Cape Mall
Kimberley
8301
T: 053 831 1976/7
F: 053 831 2806

PORT ELIZABETH
Pickering Park
Posbus 27007
Greenacres
6057
T: 041 363 2727
F: 041 363 2737

# WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING – Wet 4 van 2013 (POPIA) TOESTEMMING VORM

*Samba is 'n finansiële diensteverskaffer onder nr 18212 en voorts 'n geregistreerde Kredietverskaffer onder NCRCP1270 in terme van Artikel 40 van die Nasionale Kredietwet, 34 van 2005.*

## BESONDERHEDE

KLIËNT (Naam & Van)

| | | | |
|---|---|---|---|
| VERANTWOORDELIKE PARTY | Samba Koöperatief Beperk | | |
| Samba Epos | info@sambakoop.com | Samba Tel Nr | 051 448 0111 |
| Samba Inligtingsbeampte | Mnr Rudi Besselaar | Samba Faks Nr | 051 430 7564 |

*Samba Koöperatief Beperk ("Samba") verstaan dat u persoonlike inligting vir u belangrik is, daarom is u privaatheid net so belangrik vir Samba en is ons daartoe verbind om u inligting op 'n wettige manier te beskerm en te verwerk.*

## TOESTEMMING VIR DIE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING MET DIE DOEL OM DIE FASILITERING VAN DIE DIENSTE

*In terme van Krediet produkte en alle meegaande produkte wat Samba aan ons lede bied:*

**DIE DIENSTE**

- om u identiteit te verifieer;
- om u aansoek en toekomstige rekeninge te verwerk;
- om u besonderhede te bevestig, te verifieer en op te dateer;
- om u persoonlike inligting in Samba se risikomodelle te gebruik en om persoonlike profiele op te stel om die algehele risikobestuur van u produkte aanbod te verbeter;
- om aan enige wetlike en regulatoriese vereistes te voldoen; en
- om u in kennis te stel van nuwe produkte of ontwikkelinge wat vir u van belang kan wees.

## OPENBAARMAKING IN TERME VAN POPIA

**U REGTE:**

- om in kennis gestel te word dat persoonlike inligting versamel word of dat ongemagtigde persone toegang tot u persoonlike inligting verkry het;
- om toegang te vra tot u persoonlike inligting wat deur enige verantwoordelike party gehou word;
- om die regstelling, vernietiging of verwydering van u persoonlike inligting aan te vra;
- om beswaar te maak teen die verwerking van u persoonlike inligting; (let daarop dat u aansoek/aankoopfasiliteit nie kan voortgaan indien u beswaar maak teen die versameling en verwerking van u persoonlike inligting nie);
- u persoonlike inligting nie met direkte bemarking te laat verwerk deur middel van ongevraagde elektroniese kommunikasie nie, tensy u toestemming verleen het;
- om nie onderhewig te wees aan 'n besluit wat slegs gebaseer is op die outomatiese verwerking van u persoonlike inligting nie;
- om 'n klag by die Inligtingsbeampte van Samba in te dien, sou u nie tevrede wees met die uitslag nie, is u geregtig om u klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien; en
- om siviele stappe in te stel oor die beweerde inmenging met die beskerming van u persoonlike inligting

**DOEL**

U persoonlike inligting word versamel, verwerk en sal aangeteken en gestoor word om die afhandeling van die produk(te) waarvoor u aansoek gedoen het te fasiliteer, sowel as om u Samba rekening te onderhou en te bestuur

**DEEL VAN INLIGTING**

- Samba Koöperatief Beperk sal u inligting met geen derde party deel nie, tensy dit ten doel het om die afhandeling van hierdie aansoek om krediet en die bestuur van u Sambarekening te fasiliteer. Samba kan dus met u toestemming u inligting bekend maak aan enige van ons wettige sakevennote indien dit nodig sou wees en aanvullend tot die doel om u Samba rekening te onderhou.
- Waar inligting gedeel word, sal ons alle voorsorg tref om te verseker dat die derde party u inligting met dieselfde beskermingsvlak as wat ons vereis, sal hanteer. U inligting mag moontlik gestoor word op 'n data bediener wat bestuur word deur 'n derdeparty-diensverskaffer wat buite Suid-Afrika geleë is.

---

EK HET DIE OPENBAARMAKING GELEES EN
EK VERSTAAN DIE INHOUD HIERVAN

| | | |
|---|---|---|
| Sambalid Handtekening | Gade / Borgsteller | Datum: |